STELLENBOSCH MUSEUM HALFEEUFEES PROGRAM

- Op Vrydagaand, 19 Oktober, vind die gewilde **SAFARI-ETE** plaas met tradisionele disse in die Museum se historiese huise in die middedorp. Pietman Retief sal as gids optree wanneer die gaste om 18:00 vanaf Schreuderhuis in Ryneveldstraat begin stap. Die koste beloop R200 per persoon en besprekings is tot en met Woensdag, 17 Oktober moontlik.

- Saterdag, 20 Oktober, vanaf 09:30 tot 13:00 is daar 'n kermis by Erfurthuis. Toegang is gratis. 'n Verskeidenheid stalletjies sal lekkernye en handgemaakte items te koop aanbied. Musiek en vermaak word verskaf deur 'n plaaslike blaasorkes en 'n groep Kaapse Klopse. Die kulkunstenaar PG Engelbrecht sal as seremoniemeester optree, met uur lange optredes deur die baas-storieverteller, Nico Nel (om 10:00) en die bekende sanger Valiant Swart (om 11:00). Boerewors rolle, gemaak van Nico Nel se beroemde boerewors uit Ceres, is te koop.

- Op Saterdag, 27 Oktober, vanaf 10:00 tot 13:00 word Stellenbossers genooi na die argitektoniese baken in Constantialaan 18, Dalsig. Die Beuers, eienaars van die bekende **BRUYNZEEL-HUIS**, stel hulle woning en tuin vir besigtiging oop. Die huis is vanjaar ook 50 jaar oud en is in 'n stadium bewoon deur die eerste kurator van die Stellenbosch Museum, Hans Fransen. Toegang, vonkelwyn en 'n ligte ete beloop R100 per persoon. Besprekings sluit Donderdag, 24 Oktober.

- 'n **AANDWANDELING** deur die historiese dorpskern sal plaasvind op Woensdag, 31 Oktober. Plaaslike raadslid Pietman Retief en Sandra Krige sal as toergidse optree. Die vertrektyd is 19:00 vanaf die V.O.C. Kruithuis op die Braak. Die wandeling word afgesluit met 'n kerslig-ete by Erfurthuis. Die koste beloop R150 per persoon en besprekings sluit Maandag, 29 Oktober.

LET WEL: Alle besprekings moet gedoen word by Esmé Adriaanse by die Museum se kantoor in Ryneveldstraat, of per telefoon by 021 887 2937.